

UIT DIE KOOPMAN VAN VENESIË

Deur

WILLIAM SHAKESPEARE

(In Afrikaans vertaal deur Tjaart Potgieter)

Die stuk speel af in 'n hof in Venesië.

PORTIA:

Ek is behoorlik ten opsigte van die saak ingelig my heer.

Wie is die handelaar hier en wie die Jood?

Is u naam Shylock?

Van 'n vreemde aard is die saak wat u volg

Maar in so 'n reël dat die Venesiese wet

u nie kan betwis as u voortgaan nie.

U staan binne sy bestek. Staan u nie?

Bely u die skuldbrief?

Dan moet die Jood genadig wees.

Op watter dwang?

Die aard van genade is nie gesif nie.

Dit val soos die sagmoedige reën uit die hemel

op die plek onder; dit is tweekeer salig.

Dit seën hom wat gee en hom wat neem.

Dis magtiger in die magtigste. Dit pas

die betroonde heerser beter as sy kroon.

Sy septer wys die krag van tydelike mag,

die kenmerk van ontsag en majesteit,

waarin die vrees en skrik van konings sit.

Maar genade is bo die gesepterde heerskappy,

dit is betrou in die harte van konings.

Dit is 'n hoedanigheid van God self.

En aardse mag wys dan die meeste soos God s'n,

as genade geregterheid temper. Daarom Jood,

al is geregterheid jou pleidooi, oorweeg hierdie:
 Dat in die beloop van geregterheid nie een van ons
 redding sou sien nie; ons bid vir genade,
 en daardie selfde gebed leer ons almal om te lewer
 die daede van genade. Ek het soveel gepraat
 om die geregterheid van u pleidooi te versag,
 wat, as u dit volg, hierdie streng hof van Venesië
 verplig moet wees om uitspraak te gee teen die
 handelaar daar oorkant.

Is hy nie in staat om die geld af te los nie?

Daar is geen mag in Venesië,
 wat 'n vasgestelde dekreet kan verander nie.

Ek smee u om my na die skuldbrief te laat kyk.

[Sy kyk na die brief]

Shylock, daar word driekeer jou geld aan jou gebied.

Maar die skuldbrief is verbeurd,

en wettiglik hierdeur mag die Jood

'n pond vleis eis om deur hom afgesny te word,

naaste aan die handelaar se hart. Wees genadig.

Neem driekeer jou geld; vra my om die skuldbrief
 te skeur.

U smee die hof om die oordeel te vel?

Wel, dan is dit so.

[Aan handelaar]

U moet u bors voorberei vir sy mes.

Want die bedoling en doel van die wet

het volle verband met die boete

wat hier voorkom, betaalbaar op die skuldbrief.

Daarom lê bloot u bors.

Is daar 'n skaal hier om

die vleis te weeg.

Sorg dat een of ander dokter, Shylock, hier is,

ten laste van jou,
 om sy wonde te verbind, om te verhoed dat hy doodbloei.
 Dit is nie so in die skuldbrief uitgedruk nie,
 maar wat daarvan?

Dit sou goed wees as u soveel sou doen uit naasteliefde.

U handelaar, het u enigiets te sê?

'n Pond van daardie selfde handelaar se vleis is joune.

Die hof staan dit toe en die wet gee dit.

En u moet die vleis sny van sy bors af.

Die wet laat dit toe en die hof staan dit toe.

[Sy kyk weer na die skuldbrief]

Wag 'n oomblik. Daar is iets anders:

Die skuldbrief gee jou hier geen druppel bloed nie.

Die woorde is uitdruklik 'n pond vleis.

Neem dan jou pand; neem jy jou pond vleis.

Maar in die sny daarvan as jy mors

een druppel Christelike bloed, is jou lande en goedere

volgens die wette van Venesië konfiskeerbaar

Deur die staan van Venesië,

Jyself sal die wet sien:

Want soos jy op geregterheid dring, wees verseker

Jy sal geregterheid kry, meer as jy begeer.

Wag.

Die Jood sal alle geregterheid kry. Wag, geen haas nie.

Hy sal niks kry as die boete nie.

Daarom, berei jou voor om die vleis af te sny:

Mors jy geen bloed nie, nog sny jy niks minder of meer

as net 'n pond vleis nie. As jy meer vat

of minder as 'n geregte pond, laat dit wees maar net soveel

As dit swaar of lig maak in die substansie,

Of die gedeelte van die twintigste deel

Van een arme 20 grein, nee, as die skaal draai

Maar in die skatting van 'n haar,
Sterf jy en al jou goedere word gekonfiskeer.
Waarom maak die Jood pouse? Vat jou roukoop.
Maar jy het die hoofsom in die ope hof geweier.
Hy sal bloot geregterheid hê en sy pand.
Jy sal niks hê behalwe die roukoop nie,
Om geneem te word, so, teen jou gevaar, Jood.
Wag, Jood!
Die wet het nog 'n ander houvas op jou.
Dit is vasgelê in die wette van Venesië,
As dit bewys sou word teen 'n vreemdeling
Dat deur direkte of indirekte pogings
Hy die lewe van enige burger soek,
Sal die persoon teen wie hy planne maak
Een helfte van sy goedere gryp, die ander helfte
Kom na die privaatkoffers van die staat;
En die misdadiger se lewe lê in die genade
Van die Hertog alleen, teen alle ander stemme in.
In welke predikament ek sê jy staan,
Want dit skyn dat jy deur duidelike voorgang,
Dat indirek en direk ook,
Jy teen die einste lewe van die verweerder
Gepraktiseer het, en jy het op die hals gehaal
Die gevaar wat ek vantevore herhaal het.
Af daarom, en smeeek genade by die Hertog.

---ooOoo---

(Teks kan verkry word by Dalro)